

4 Julie 2013

Skrifgedeelte: Job 38:18-30

Fokusgedeelte: Job 38:22-25

God wys die pad vir die sneeu en die reën

Na baie gesprekke tussen Job en sy vriende oor die vraag waarom die Here al die swaarkry in Job se lewe gegee het, antwoord die Here hulle uit 'n storm (hfst. 38-41). Die antwoord van die Here is iets geweldigs. Hy neem Job as't ware op 'n skeppingsreis en vra allerlei skerp vrae aan Job: "Waar was jy? Kan jy dit doen? Ken jy dit? Sien jy hoe Ek dit doen?" Met alles wil die Here vir Job sy nietige kleinheid as mens beklemtoon, maar ook die onbegryplikheid van die Here se manier van doen. Daar is nog 'n boodskap vir Job. Met hierdie reis wil die Here die troos gee dat as Hy só vir alles sorg, Ek jou as mens tog nooit sal vergeet nie.

Tydens die skeppingsreis vra die Here in vers 22 of Job al by die stoorkamers van die sneeu en die hael was? Dit is nie so dat daar regtig stoorkamers is nie, maar daarmee wil God sê dat Hy in beheer is. As Hy sneeu en hael wil gebruik, is dit tot sy beskikking. Onthou jy die naweek van 14 Julie verlede jaar toe die Here sy sneeukomers oor die Karoo en die Oos-Kaap gegooi het? Onthou jy die lang rye vragmotors en motors vasgekeer op die N1-roete naby Drie Susters? Ja, God regeer oor alles! Hy wys die pad vir die sneeu en die reën (vs. 25).

As Vader van die reën (vs. 28) stuur Hy die reën ook na woestyne waar daar nie boerdery is nie. Ons menslike logika verstaan dit nie. Waarom reënwater op woestyne mors? Die Here weet wat Hy doen. Aan die begin van elke plantseisoen kyk ons so angstig na die Here. Ag, as ek as mens maar geweet hoe dit sal reën. En tog wéét ek die heel belangrikste – ons God het ons in Jesus Christus baie lief. Hy is in beheer; Hy het die sleutels van die stoorkamers; Hy besluit watter pad; Hy is die Vader van die reën en die sneeu.

Sing: Psalm 104:3, 8, 10 (Totius)

Dr. SJ van der Walt (Bloemfontein-Suid)